

KAAPSTAD DOEANE-BEAMPTES SLAAN TOE OP VERMEENDE DWELMSMOUS

Pretoria, Vrydag 12 Julie, 2019 – Doeane-beamptes van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), gebaseer by die Kaapstadse Internasionale Lughawe, het beslag gelê op heroïene ter waarde van nagenoeg R1 miljoen na 'n wenk ontvang is.

Die voorval het plaasgevind toe doeane-snuffelhonde 'n poeierge stof ontdek het wat toe as 3.245 kg heroïene geïdentifiseer is.

Die heroïene was netjies versteek in drie pakkies binne die verdagte se leer aktetas.

Die verdagte was vanaf Kaapstad onderweg na 'n sentraal-Europese land op 'n direkte vlug, toe die dwelms ontdek is.

Die doeane-beamptes het die dwelms aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) oorhandig vir verdere ondersoek. Die polisie het ook die verdagte gearresteer.

SARS, in samewerking met ander wetstoepassingsowerhede, sal voortgaan met die versterking van hul vermoëns om enigeen wat die land se wette oortree, te bespeur en na te volg.

Vir foto's, [klink hier](#).